

Toer na **ISRAEL** saam met **Monique Strydom** **Etresia van der Walt & Leon de Kock**

Vertrekdatum:
Donderdag, 25 Oktober 2018



Monique



Etresia



Leon

SKEMATIESE UITEENSETTING VAN DIE REISPLAN

(O)-Ontbyt (A)-Aandete (*)-Ete aan boord

Dag 1: Donderdag, 25 Oktober JOHANNESBURG – TEL AVIV

Ontmoet om 17:00 in die Internasionale vertreksaal van Johannesburg se O.R. Tambo lughawe om teen 21:05 na Tel Aviv te vertrek. Oornag aan **BOORD (A*)**

Dag 2: Vrydag, 26 Okt CAESARA – CARMEL – HAIFA – NASARET

Stryk vroegoggend om 07:05 op die Ben Gurion lughawe neer waar ons luukse toerbus gereed staan om na Caesarea te vertrek. Besigtig die oorblyfsels van 'n kruisvaarderverving en die gerestoureerde Romeinse amfiteater. Caesarea is in die 13de jaar voor Christus deur Herodus die Grote gebou. Dit was ook die tuisdorp van Pontius Pilatus, Filippus en Cornelius. Die roete neem ons verby Megiddo en die vlakke van Armageddon waar die finale slag volgens die Skrif in die laaste dae sal plaasvind na die berg Karmel waar Elia die Baäl-priesters om die lewe gebring het. Beleef die Jisreëlvakke waar die leërmagte vir Armageddon sal versamel. Aangrypend! Daar is 'n Karmeliete-klooster en 'n standbeeld van Elia op die terrein. Kies koers na Haifa en geniet die uitsig oor hierdie hawestad en die Middellandse See vanaf die hange van die Karmelgebergte. Sien die Bahai Tempel in Haifa met sy pragtige tuine en see uitsig. Ons volgende stop is die kruisvaarder-vesting van Akko. Ons word per kabelspoor na die kalksteengrotte van Rosh Hanikra geneem. Aandete en oornag in **NASARET (O)(A)**

Dag 3: Saterdag, 27 Oktober KANA – BANIAS – GOLAN – NASARET

Begin ons dag by die "Nazareth Village" - 'n replika van hoe dit waarskynlik in Jesus se kinderdae gelyk het. Mooi fotogeleentheid met die skaapwagters! Dit is in hierdie omgewing waar Jesus grootgeword het en waar Hy sowat 30 jaar gewoon het. Bring besoek aan Kana waar Jesus se eerste wonderwerk plaasgevind het toe Hy die water in wyn verander het. Daar is geleentheid om op versoek huweliksbeloftes te hernu, tydens 'n seremonie in die kerkie of tuin. Bring dan besoek aan Banias, eertydse Caesara-Philippi waar een van die drie oorspronge van die Jordaanrivier ontspring. Reis oor die Golan Hoogland terug vir aandete en oornag in **NASARET (O)(A)**

Dag 4: Sondag, 28 Oktober GALILEA OMGEWING

Na ontbyt vertrek ons na die See van Galilea waar daar steeds wonderwerke plaasvind. Berg van Saligsprekinge waar die bergpredikasie gelewer is. Ons vergader in die tuin met 'n panoramiese uitsig oor die meer. (Lees solank Matt 7). Dis geesvervulde oomblikke as almal in lofsang, saam met mede-pelgrims van oor die wêreld, in die kapel sing. Ons reis dan 'n entjie verder noord na die Mensa Christi waar Jesus aan die dissipels verskyn het en hulle saam 'n liefdesmaal geëet het. Bring besoek aan die ruïnes van Magdala waar Maria Magdalena gebore en geleef het. In die tyd van Jesus was dit 'n vooruitstrewende vissersdorp. Argeoloë het die oorblyfsels van die dorp wat dateer uit die dae van Jesus blootgelê wat 'n Bisantynse klooster en 'n mosaïekvloer van 'n vissersboot uitbeeld. Die omgewing staan vandag bekend as Migdal. Sien die uitgrawings van Petrus se huis en die bouvalle van 'n sinagoge uit die tweede eeu by Kapernaum, Jesus se nuwe dorp waar hy baie tyd spandeer het. Besoek die Boot-museum waar ons die sogenaamde uitgrawings, van die "Jesus Boot" te sien kry. Die hoogtepunt van die dag, maar ook 'n toer-hoogtepunt van die toer, is 'n sonsondergang bootvaart op die See van Galilea met sang, lofprysing en aanbidding. Aandete en oornag in **NASARET (O)(A)**

Dag 5: Maandag, 29 Oktober GILBOA – JERIGO – BETABARA – DOOIE SEE

Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons na die berg Gilboa, vanwaar ons 'n asemrowende uitsig oor die Siries-Afrikaanse sinkdalvallei en omgewing het. Reis dan verder na Jerigo, die oudste bekende stad ter wêreld. Hierdie stad is deur Josua vernietig toe die Israeliete in opdrag van God, 7 maal om die stad geloop het en sy mure ineengestort het. Neem die kabelspoor na die "Berg van Versoeking" waar Jesus versoek was en geniet 'n indrukwekkende uitsig oor Jerigo en die berge van Nebo in Jordanië. Bring besoek aan Betabara waar Jesus gedoop is. Reis verder na die Dooie See, die laagste plek op aarde. In die Bybel was dit bekend as die "soutsee". Ons het geleentheid om letterlik "op" die water van die Dooie See te dryf en die spa en geriewe van die luukse hotel te geniet. Oornag by die **DOOIE SEE (O)(A)**

Dag 6: Dinsdag, 30 Oktober MASSADA – QUMRAN – BETLEHEM

Reis vandag na die bergvesting Massada waar ons per kabelspoor na die krui geneem word. Besigtig die bouvalle van die eens luukse paleis van koning Herodus en geniet die lieflike uitsig oor die Woestyn van Judea en die Dooie See. Hier het die tragiese verhaal van Eleazer Ben Yair en sy 959 Joodse volgelingen, wat eerder massa-selfmoord gepleeg het as om hulle in die Romeinse besetters oor te gee, afgespeel. Verder na Qumran waar die Dooie See boekrolle deur 'n jong skaapwagter in 1947 ontdek is met geleentheid om Dooie See produkte te koop. Aandete en oornag in **BETLEHEM (O)(A)**

Dag 7: Woensdag, 31 Oktober GENESIS LAND – BETLEHEM

Bring vanoggend besoek aan die herdersvelde met lofsang en aanbidding. Die geboortekerk wat beskou word as die oudste ter wêreld; gebou oor die grot wat aangedui word, as die plek waar Jesus gebore is, is die volgende besoekpunt. Hierna is



dit inkopietyd by 'n groot Curio-winkel, Three Arches, waar ons die nimlike Mayer Cannavatti ontmoet. Hier is die plek waar olyfhout-produkte baie gewild is. Reis na Genesis Land vir 'n Bedoeïene-ervaring - kamele en al, waar u ook vir "Vader Abraham" sal ontmoet. Keer terug na ons hotel vir aandete en oornag in **BETLEHEM (O)(A)**

Dag 8: Donderdag, 01 November JERUSALEM

Die roete neem ons vanoggend na Jerusalem, die Stad van Vrede soos daarna reeds vroeg in die Bybel verwys word. "JERUSALEM JERUSALEM – HOE DIKWELS WOU EK JOU NIE ONDER MY VLERKE NEEM....(Matt.24:37). Ons toer van Jerusalem begin by die Olyfberg of Olivet vanwaar u 'n pragtige uitsig oor die Ou Stad en die tempelsterrein het. Hier word 'n pragtige groepfoto geneem. Van die Olyfberg af het Jesus sy dissipels gestuur om die donkie te gaan haal waarop Hy Jerusalem binnegery het. Oordenking en persoonlike stiltetyd in die Tuin van Getsemane, waar Jesus gebid het. Judas het Jesus hier verraa en Hy is na Kajafas geneem om aangekla en verhoor te word. Die "Kerk van alle Nasies" is in hierdie tuin geleë waar verskeie olyfbome vandag steeds groei. Besoek die huis van Kajafas die hoëpriester, bekend as "Petrus in Gallicantu". Dit was hier waar Petrus die Here drie maal verloën het. Gallicantu beteken "die kraai van die hoenderhaan". Besoek die Bo-vertrek waar die Heilige Gees uitgestort is en Jesus en die dissipels die "Laaste Avondmaal" genuttig het. Besoek die Israel museum waar die skaalmodel van Jerusalem te sien is. Daar is vanaand geleentheid vir 'n opsionele klank- en ligvertoning by die Jaffahek. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 9: Vrydag, 02 November JERUSALEM

Die Via Dolorosa is eerste op die program. Stap na die die Bad van Bethesda en die kerk van St Anne, met seker die beste akoestiek in Jerusalem. Hier sing daar dikwels pelgrims van oor die wêreld, saam met ons. Sien die vesting van Antonio, waar Jesus verhoor is en die plaveisel waar Hy sy kruis opgeneem het. Ons volg die roete van die Via Dolorosa wat begin by Pilatus se verhoorsaal. Ons eindig die roete by die klooster "Sisters of Zion". Stap na die klaagmuur; die allerheiligste plek vir die Jode en beleef Shabbat daar. Sluit die dag by die tuingraf af waar u op 'n toer van die terrein geneem word. Een van die personeel van die Christen ambassade sal aan u verduidelik waarom hierdie plek die waarskynlike graf van Jesus is. Geniet 'n pragtige uitsig oor Golgota wat ook bekend staan as Gordon's Calvary. Nagmaal word by die tuingraf bedien. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 10: Saterdag, 03 November JERUSALEM

Ons het die dag vry om die Jerusalem op eie stoom te verken. U kan gerus die Mahane Yehuda Shuuk besoek, die mark wat na verwys word as die "Shuk". Hier is sowat 250 stalletjies met produkte wat wissel vanaf vrugte, groente, gebakte lekkernye, vis, vleis en kase, neute, speserye, wyn, klere, skoene, huisware en tekstiele van te kies en te keur. Die Ou-stad van Jerusalem is net so gewild met sy winkeltjies en aandenkings om elke hoek en draai! U kan gerus op eie stoom op die Ou-stadsmure gaan stap. Geleentheid vir 'n opsionele klaagmuur tunnel-toer vanaand, bekend as die Kotel. Saam met ons toerleiers, gaan hierdie 'n dag wees om te onthou! Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 11: Sondag, 04 November JERUSALEM – JOPPE – JOHANNESBURG

Vertrek vandag en reis na die valley van Elah waar Dawid vir Goliat die stryd aangesê het. Reis verder na die Midellandse See en Joppe in Tel Aviv. Dit is die plek vanwaar Jona na Tarsis probeer vlug het. Stap op die promenade en geniet vrye tyd in Tel Aviv se gewilde Carmel mark, bekend as Shuk HaCarmel waar koffiekroeë, restaurantjies, sjef-eienaar kosstalletjies om elke hoek en draai te sien is. Van handgemaakte Jachnun, 'n tradisionele Yemense gereg tot boetiek-kase; van sy-materiaal en klere tot ontwerpersdrag en ander plaaslike produkte HaCarmel het dit als! Ons word na die lughawe oorgeplaas vir die vlug wat om 20:30 na Johannesburg vertrek. Oornag aan **BOORD (B)(D*)**

Dag 12: Maandag, 05 November JOHANNESBURG

Stryk om 05:30 op Johannesburg se O.R. Tambo Internasionale lughawe neer; ryk aan herinneringe en verryk in die gees. Eindag maak ons weer so! **(O*)**



Dooie See



Caesarea



See van Galilea



Jerusalem



Ingang na die graf

TOERPRYS: R32,980 per persoon wat 'n kamer deel

Randwaarde van ons toer word deur die diensleweraars gedek tot op R13,50 teenoor die Amerikaanse Dollar, en is gebaseer op 'n minimum van 32 passasiers wat saamreis. Toerprys is soos volg saamgestel: Lugreisgeld: R8,480 / Landreëlings: R24,500. Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, moet u registrasie en deposito ons kantoor so gou as moontlik bereik. Bevestiging onderhewig aan beskikbaarheid tydens bespreking.

INGESLUIT:

- Ekonomiese retoervlugte vanaf Johannesburg insluitend lughawebelasting en brandstofheffing
- Twee etes per dag soos per program
- Driester akkommodasie
- Engelsspreekende toergidse en luukse toerbuse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per program
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere en hotelpersoneel

UITGESLUIT:

- Opsionele enkelkamer US\$89 per nag
- Opsionele reisversekering

Nota: Reisplan is onderhewig aan verandering indien nodig



Vir nadere besonderhede, kontak

Monique 083 212-9824 / workhous@mweb.co.za

Etresia 082 457-7747 / hessel@telkomsa.net